# LOUTERWATER ESTATE

## FRUITFARM AND HIKING TRAILS

Louterwater Landgoed

Posbus 44
LOUTERWATER
6435

Tel: 0427-41724/5
Fax: 0427-41493

The Langkloof is normally associated with apples only and therefore Louterwater Estate is the first farm to open its doors for the public. One cannot really view the scenic part of the Langkloof from the Main Road. We also offer other facilities making it worthwhile to turn off the 5 kilometers to the Langkloof Mountains.

Lost in the nature and alongside a waterhole you can camp and relax at four log cabins with beds and open-air "braais". Visitors may investigate the modern fruit farming technology like harvesting, packing and cooling system. Viewing the orchards and the different varieties of pears and apples are easily done by road.

Apart from the fruit-farming, hiking trails have developed alongside the mountain slopes never "tracked" before. The trails start at the "camp" and are ideal situated for people wishing to step out in nature for half-a-day and without heavy bagage. One trail show typical Tsitsikamma scenery with fynbos, proteas and rainforests. The other two trails take you to the breathtaking scenery of the Langkloof covering the area of Natures Valley and Plettenberg Bay. Going up the summit of the Langkloof Mountain range offers good exercise for those more daring and you have also conquered the highest peak i.e. Peak Formosa of the visinity.

Furthermore horseriding and fishing Black Bass are available on request.

We recommend that you contact us early in anticipation that booking may be tight.


# OPSAAL!



No. 1

1994





VAN DIE REDAKTEUR

Ja. soos hulle sê: "nuwe besems vee skoon" - maar hierdie nuwe besem kom to kwalik aan't vee! Maar oom Tom Boshoff stel dit effens meer sagkens as h sê: "ek ervaar 'n letterkundige droogte."

Dis dié dat "Opsaal" so laat in die jaar eers opsaal.

Wanneer 'n mens in die omgewing rondstap wonder jy wat is die betekenis va 'n sekere naam; die geskiedenis van 'n gebied. Outeniqua is die Khoi-woor wat letterlik beteken: man belaai met heuning - maar wat beteken die woor Attiqua in Attiquaskloof? Laasgenoemde kon ek nog nie uitvind nie. Ek he wel die storie agter die passe in die Outeniquaberge uitgevind - vandaar di artikel, "pas-tot-pas".

Geniet die stappe wat nog voorlê. Kahlil Gibran het nie verniet de Mustafa, die profeet, gesê:

"Laat hom wat die wysheid wil hê,
dit soek in die aandblom of in die knypie rooi klei ...
.... en ek sal steeds van die aarde sing ..."

ALéTTE SMITH



OPSAAL : 1994

deur Tom Boshoff

Die eerste kwartaal van 1994 spoed ten einde en na ek verneem, weens gebrek aan bydraes, gaan Opsaal 'n bra moeilike eerste geboorte, hierdie jaar tegemoet.

Ondanks wydverspreide reent oor die hele land en baie belowende oeste ervaar ek 'n letterkundige droogte en daarom wend ek my na die Dinsdag register waar besondere voorvalle aangeteken word.

1993

21/9 Stappers goeie opkoms.

21/10 Weens onfiksheid draai etlike stappers vroeër om.

30/11 Magdaleen soek haar hoed... Helena bedreig Lina se rekord. Meisie en die mooi bakkop slange.

1994

11/1 Net 7 stappers. Trae begin.

25/1 Susanne drink ernstig: Nadors?

As bewustelike stapper raak 'n mens bewus van sekere kunsies of tegnieke, wat

in belang van jou mede-stappers, met vrug behoort gedeel te word. So hoor 'n mens dikwels tydens 'n verposing langs die roete, wanneer die hande onwillekeurig so gretig na die kossakke dwaal, van die voordele van verskillende kossoorte, van room vir sonbrand, skoene, stokke of kieries en selfs rugsakke.

Hierdie inligting kan met vrug gedeel word met die mede-wandelaar tot voordeel van ons klub. Ek en Kitty verskil steeds oor die voordeel/nadeel van die lang of kort tree. Ek is oortuig dat die lang tree minder energie drein. Om vertroue in jou skoene te hê is die afdraande soveel makliker.

Kom ons gesels daaroor en deel mekaar se ervarings, hoe onbelangrik dit ook mag lyk en maak dit, veral vir die toegewyde beginner, makliker en aangenamer.



MAG AL JULLE OPDRAANDES, AFDRAAND WEES.

Voetslaan groete!

****

> Elke tree van daardie so bekende
> ou wandelpad was vir my 'n
> douvars openbaring, asof ek na 'n
> jarelange verblyf in 'n vreemde land
> weer daarop tuisgekom het
>
> Henri Snijders



OU KINTA HOOR VAN SWIVELTJIES EN WIT LYN:

Ou kinta stap vroeër van jaar Pas-tot-Pas en daar hoor sy 2 stappes gesels - of was dit stappers? Hulle bespreek dan nie die moeilike pad nie. Hulle bespreek dan nie die mooi natuurskoon nie. Of wag dalk praat hulle tog oor die plantegroei.

Stapper 1: Kyk, vat nou hierdie grasspruit. Dan maak ek hier aan die voorpunt 'n swiveltjie vas. En dan 7 duim agtertoe maak ek 'n sinker aan 'n tou vas. Sommer 'n ou skoenveter.

Stapper 2: Ja, ek maak ook daar 'n toutjie vas. Jy, weet sommer 'n stuk witlyn.

Stapper 3: Wit Lyn?

Stapper 2: Ja, man daardie lyn wat ons sommer altyd wit lyn genoem het.

So leer ou Kinta van witlyn en swiveltjies. Maar, wat is 'n swiveltjie eintlik?

"PAS-TOT-PAS"

deur Alétte Smith

Die vroegste pad vanaf Outenikwaland na die binneland het, sover bekend by Duiwelskop oor die berg gegaan. Dié pad was tot ongeveer 1813 die enigste "rybare" oorgang na die Langkloof en het sowat 30 km oos van die nuwe drosdy (George) deur die berge gesny.

Die roete oor Duiwelskop het nie op 'n gerieflike plek oor die berg gegaan nie en was te ver van die dorp af en die pad daarlangs was moeilik en sleg. Om dié rede het landdros Van Kervel besluit om 'n nuwe oorgang, nader aan die dorp, oor die berge te maak. Kort na 1813 is 'n nuwe roete, bekend as Cradockpas, in gebruik geneem (vernoem na die destydse Goewerneur aan die Kaap) - dit is die pad wat egter die dorp skuins teen die berg uitloop en wat vandag bekend is as die "Voortrekkerpad".

Die Cradockpas het geen gemaklike oorgang oor die berg gebied nie. Die oortog van ongeveer 7 km het soms 3 dae per ossewa geduur en te perd weer 3½ uur. Op reëndae was die gevaar dat die waens kon gly en breek heelwat groter as op ander dae. Twee boere het verklaar dat hulle nooit weer met die pad sou ry nie, "protesting that it was only fit for baboons to climb up". Daar was selfs 'n uitspanplek waar die diere kon rus en waens herstel kon word. Teen 1838 het 'n sekere Jan van der Over daar ook 'n winkeltjie gehad. Van daar af het die pad verder na die Langkloof geloop.

In 1843 het majoor Mitchell, toe die landmeter-generaal van die Kaapkolonie, aan die hand gedoen dat 'n nuwe pad oor die berg gebou word met die hulp van



bandiete-arbeid. Net die volgende jaar is begin met die bou van 'n nuwe pas en die skema is deur John Montaqu, die Koloniale Sekretaris, uitgevoer en hyself het ook die pas geopen in 1847 - dit is dan ook na hom vernoem. Sowat 250 bandiete het aan die p;as gewerk. Die hoof-kwartiere vir die konstruksie was waar Blanco vandag geleë is. 'n Ene Henry Fancourt White is vanaf Australië verkry om die ingenieurswerke waar te neem. (Hy het ook "Blanco house", wat vandag as Fancourt bekend staan laat bou en bewoon.) Die pas is uiteindelik teen 'n koste van R71 598 voltooi

EK KYK NA DIE BERGE EN EK WEET

Ek kyk na die berge
en ek weet dat kranse en pieke
my ook aan u smart moet herinner:
"Ek sal huil en kla oor die berge ..."
".... as julle nie luister nie, sal Ek
in stilte huil oor julle hoogmoed,
Ek sal huil en huil, trane stort
omdat my kudde as ballinge
weggevoer word."

Here, as ek opkyk na die berge,
laat my met skrik onthou
dat U in stilte oor my huil.

Jeremia 9:10 ; 13:17

MARETHA MAARTENS

## OUTENIKWA-VOETSLAANPAD

deur Hendrik Mouton

Hierdie voetslaanpad het die reputasie gehad dat dit een van die moeilikste in die R.S.A. was. Dit was voordat die T.V. 'n invloed op die stappersvermoë van die mens begin uitoefen het. Die S.A. Weermag noem dit "T.V.-bene". Eers het die voetslaanpad by die ou Witfonteinbosboustasie begin en die Cradockkloofpas gevolg, agter Cradockpiek om, na Tierkop, 22 km. Vanaf Kleinplaat om Duiwelskop en Duiwelsberg na Langberg, 17 km. Vanaf Langberg het dit oor "Knife-edge" (138 trappe), Meulberg na Windmeulnek, 22 km, gegaan. Hierdie gedeelte was die moeilikste maar ook van die mooiste. Na vele klagtes word die eerste been na die huidige roete na Tierkop verlê, 17 km. Die tweede been word verkort deur 'n hut langs die ou Voortrekkerpas op te rig, 17 km. Weens die geweldige sterk winde, word die hut 300 meter laer langs die Touwrivier opgerig en Kleinplaat word uitgesny. Die roete vanaf Voortrekker na Langberg word ook verlê, weens die onbereikbaarheid van die hut en dit word verskuif na die voet van Langberg, langs 'n riviertjie.

Alhoewel die roete met 2 kilometers verkort word, word die roete na Windmeulnek met 2 km verleng en moet die stapper van meet af klim. Die roete na Windmeulnek is nou 24 km. Alhoewel dit 'n pragtige roete is kla die mensdom ten hemele en die roete word verlê na die voet van die berge, wat dit verkort met 7 km.

Klagtes word voortdurend ontvang dat die roete tussen Tierkop en Windmeulnek te moeilik is. Dit word ook swak ondersteun tot so 'n mate dat dit nie meer koste-effektief is nie. Hierdie gedeelte word nou gesluit en dit word



besluit om die aanvangspunt na die ou Beervlei Bosboustasie te verskuif. Die ou huis word herstel, waar stappers, wat van ver kom, die eerste aand kan slaap voordat hulle die roete begin. Die wandelpad lei hiervandaan hoofsaaklik deur inheemse bos, voordat dit ongeveer 5 km vanaf Windmeulnek op 'n bosboupad uitloop, wat die stapper na Windmeulnek neem. Hiervandaan word die bestaande roete gevolg tot by Diepwalle. Vanaf Diepwalle is die voetslaanpad met 2 "dae" verleng. Dit lei hoofsaaklik deur inheemsebos en loop redelik maklik. Die eerste been lei tot by Kafferkop, 'n ou historiese huis, van 100 jaar of ouer. Hiervandaan lei dit weer deur inheemse bos tot by die Harkerville "dam en dop" hut, die aanvangspunt van hierdie voetslaanpad. Dit is nou moontlik om die 2 roetes te koppel, wat 'n uitdaging sal wees.

****

### VOETPADKOS

Maak die blokkies by die huis - dit sal help teen die steil bulte!

#### MUESLI-SJOKOLADE-BLOKKIES

| | | |
|---|---|---|
| 250 g baksjokolade (donker) | | 1 k muesli |
| ¼ k pitlose rosyne | OF | ¼ k neute (grof gekap) |

Smeer 'n bak (20 x 15 cm) met botter en voer uit met foelie. Smelt sjokolade en haal van stoof af. Roer muesli en rosyne by. Gooi in bak en verkoel in yskas tot styf. Sny groewe in sjokolade en breek in stukke.

## "LIGPUNTE OP DIE OUTENIKWA"

Hierdie roete lewer altyd iets interessant op. Op Saterdag 12 Februarie, laai Johann Owenkamp vir Austen, Rugane, Annie, Sarie en Hennie te Farleigh af. Dit het die vorige nag baie gereent en dit dou nog steeds. Ons stap vanaf Platbos na Millwood. Ons kruis die Howitinirivier, wat sterk vloei, met die hulp van 'n kabel. Weens die voortdurende sagte reëntjie is daar nie plek om te ontspan nie en ons stap deur na Jubilie Creek. Hier maak ons tee, maar weens die reën besluit ons om aan te stap. Ons is vroeg middag by die hut en daar word in die stoof vuurgemaak om klere en stewels droog te kry. Hier sluit 'n man en drie meisies by ons aan. Hulle beskik oor geen stoof of pot nie en vra of hulle op die stoof kan kook. Hulle aandete bestaan uit lemoenpampoentjies, kalbaspampoentjies en aartappels en 'n koringtipe. Almal "stook" en die een meisie het 'n ring aan haar regtervoet se een toon. Op 'n vraag aan wie die voet verloof is, is die antwoord 'n uiters "vuil" kyk - snaakse mense.

Die volgende oggend stap ons vroeg na Gouna en Austen wil weet wat die haas is. Hy het vergeet van die bring-en-braai by Lina. Na 'n haastige ontbyt by die Knysnarivier, klim ons die kronkelpad vanaf die Knysnarivier met groot haas uit. Om 10:30 draai ons af na Gouna en stap deur pragtige inheemse bosse tot by Gouna bosboustasie, waar Johann en Hilda ons kort na 12:00 aplaai. Om 13:30 is ons, nieteenstaande ons "welriekenheid", by Lina se woonstel, waar ons deur 'n groot aantal stappersvriende verwelkom word en met vleis, poeding en vele meer oorlaai word. Die haastige stap het op hierdie dag sy beloning gebring.

HENNIE MOUTON



## ATTIQUASKLOOF

deur Alétte Smith

Op 'n warm dag het 'n groep van ongeveer vyftien van ons Attiquaskloof àan gedurf - dit was letterlik en figuurlik gesproke 'n vuurdoop. Die eerste afdraand rivier toe, waar ek en Salomie "grond gekoop" het, het net een ding voorspel - opdraand. En was dit nie opdraandes nie! Behalwe vir syferwater teen die einde van die roete, was die riviertjie die eerste en laaste drinkplek (dis nou van water!) tydens die roete.

Oom Rufane en oom Tom het voor geloop en ek het agterna gesukkel - ek glo mos dat "voorloop" vir 'n mens 'n "geestelike" voorsprong gee. Met elke bietjie se stilstaan het oom Rufane gesê dat hy nie so lank kan stilstaan nie, want sy rug raak seer van stilstaan - genadiglik is ek so 'n rug gespaar!

Sommige lede van die geselskap het na die eerste erge opdraand teruggedraai - die res van die geselskap was redelik verspreid oor die voetpad. As oom Rufane so van die koppetjies af terugkyk na dié wat nog op pad is, sê hy "lyk dit soos 'n spul verdwaalde skaap wat deur 'n jakkals op 'n hoop gejaag is."

Teen die namiddag het die sonnetjie ons sommer erg teen die randjie vasgebak en was menigè mens se water aan't opraak. Water was nog nooit so lekker soos die sluk yskoue water wat Salomé my gegee het nie! Punte vir tannie Joey wat met min water die roete sommer maklik voltooi het.

Met die terugry is die groep wat saam met oom Bert gery het, by Eight Bells aan vir koeldrank! Carlien en Allen het egter gesorg dat die mense wat saam met hulle gery het 'n yskoue bier kry!